Mei 2025

# Villa Nuus News

*Kaleidoskoop verfpallet herfsmooi is jy!*

**Volume 4** | villanuus@gmail.com | Bougainvilla Aftree Oord



## Hierdie uitgawe


| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Idiome | 2 | Ina Rowles | 10 | Reënval | 20 |
| Beelddraer van God | 4 | Rina Botha | 13 | Geseënde 60 jaar | 21 |
| Afrikaans 100 | 6 | Noord-Kaap Toer | 14 | Humor | 22 |
| Die Comrades | 8 | Dankbaar vir 65 jaar | 18 | Woordsoek | 24 |

# Idiome laat Afrikaans 100 soeter klink

Afrikaans is vanjaar amptelik 100 jaar oud. Kom ons gebruik idiome optimaal soos die volgende voorbeelde:.

"Voor jy dalk hond se gedagtes kry dat ek muisneste het en kattekwaad aanvang deur 'n kat in die donker te knyp, kan ek die aap uit die mou laat dat jy nie hond haaraf gaan maak nie. Die kool is eenvoudig nie die sous werd nie, jy wil verniet die bobbejaan agter die bult gaan haal, ek is nie 'n vroetelvarkie nie.

Omdat ek twee linkervoete en rooi haakskene het, dans ek soos 'n kat op 'n warm plaat. Terwyl ek oor die onderdeur loer, stem my aand- en môrepraatjies nie ooreen nie en sing ek 'n ander deuntjie. Ek sing dan soos 'n kanarie. Ek weet dat die voëltjie wat saans die laaste fluit, soggens eerste deur die kat gevang word, daarom gaan ek saam met die hoenders slaap en lank voor hanekraai klim ek met die verkeerde voet uit die bed om my eiertjie te lê.

Dit het die naweek katte en honde gereën, maar ons hou darem nog kop bo water.
Dit staan egter soos 'n paal bo water dat dit nie nodig is om water met 'n mandjie aan te dra nie.




Voor die son water getrek het en die perde horings gekry het, moet ek nie 'n gegewe perd in die bek kyk nie, ek moet die ou koeie uit die sloot grawe, die bul by die horings pak sodat die agteros in die kraal kan kom.
Ek moet ook al my varkies op hok sit en daar by oom Daantjie se kalwerhok die kalf uit die put gaan haal.

As jy wors in die hondehok soek, onthou dat blaffende honde nie byt nie. Ek wou nog katte skiet, maar toe is die koeël deur die kerk en ek kry wingerdgriep. Dit was 'n bitter pil om te sluk.

Ek was hoog in die takke, want ek het gehoor dat die hoogste bome die meeste wind vang. As die appel nie ver van die boom val nie, kan 'n mens die boom aan sy vrugte ken.
Ek kon nie die kar voor die perde span nie, en het toe maar twee rye spore geloop.

In die dorp het hulle gesê ek speel op Avbob se stoep en dat ek een van die dae 'n houtpak gaan aantrek. Ek het gesê dat ek met 'n goue lepel in die mond gebore is en dat ek nog nie die lepel in die dak gaan steek en boedel oorgee nie. Ek moet rondborstig erken dat die spyker in my doodskis is, dat bloed kruip waar dit nie kan loop nie.

As jy brood in die sweet van jou aangesig eet, moet jy nie met 'n mond vol tande staan nie, jy moet hare op jou tande hê, jy moet jou hand aan die ploeg slaan en die strydbyl begrawe. Weet jy hoe die vurk in die hef steek?

As jy wolf skaapwagter maak, moet jy almal oor dieselfde kam skeer."

*Deur Johann Lemmer*

" 'n houtpak aantrek"

**Met elke uitgawe is ons versugtinge; " Waar kry ons nuwe artikels?!"**
**Dan ontvang ons inspirerende verhale soos in dié uitgawe.**
**Baie dankie vir elkeen se passie vir die lewe!**

*Redaksie*





# Aartappelskyfies

'n Klein seuntjie wou bitter graag die Hemelse Vader ontmoet. Hy besef dit sal 'n tydjie neem om te reis na waar die Here woon! Dus pak hy in sy tassie 'n pakkie aartappelskyfies en 6 vrugtesappies en begin met sy reis. Ongeveer drie blokke van sy huis af ontmoet hy 'n ouerige man.

Die man het in die speelpark gesit en stilweg na die duiwe gestaar wat op die grond rondloop. Die seun gaan langs die oom sit en maak sy tas oop. Hy was van plan om van sy vrugtesap te drink, toe hy opmerk dat die ou man honger voorkom.

Hy bied toe vir die oom van die skyfies aan. Dankbaar neem die ou man dit, terwyl 'n vriendelike sagte glimlag oor die ou man se gesig versprei, terwyl hy na die seuntjie kyk. Die ou man se glimlag was so verskriklik mooi dat die seuntjie dit weer wou sien.

Weereens glimlag die ou man teenoor die seuntjie.Die mannetjie was verheug! Die hele middag sit die twee daar, eet en glimlag teenoor mekaar – sonder om 'n woord te sê.Toe dit skemer word, besef die seuntjie hoe moeg hy was en hy staan op om te loop.

Skaars het hy 'n paar treë gegee of hy swaai om, hy hardloop na die ou man terug en gee hom 'n drukkie. Hy kyk op na die ou man en gee hom die grootste glimlag ooit. Toe die seuntjie na 'n kort tydjie die voordeur van hul huis oopmaak, was sy moeder verbaas om die vrolike gesiggie te sien. Sy vra hom: "Wat het jy vandag gedoen wat jou so gelukkig maak?" Hy reageer spontaan: "Ek het middagete met God gehad." Nog voordat sy moeder kon reageer, voeg hy by: "Weet jy wat, Ma? Hy besit die mooiste glimlag wat ek nog gesien het!" Intussen het die ou man, ook oorweldig van geluk by sy huis aangekom. Sy seun was verstom oor die blik van tevredenheid op sy pa se gesig. Hy vra: "Pa wat het jy vandag gedoen wat jou so gelukkig maak?" Die ou man antwoord: "Ek het aartappelskyfies saam met die Here in die park geëet." Voordat sy seun kon reageer, voeg hy by: "Weet jy, hy is veel jonger as wat ek verwag het!"

Te dikwels onderskat ons die krag van 'n aanraking, 'n glimlag, 'n vriendelike woord, 'n geopende oor, 'n eerlike kompliment of die kleinste omgee-daad. Almal het die vermoë om die lewe te verander. Mense kom in ons lewens vir 'n rede; 'n seisoen of lewenslank! Behandel almal met gelykwaardigheid.

God sit steeds op Sy troon. Jy mag deur 'n moeilike tyd nou gaan, maar die Hemelse Vader is gereed om jou te seën op so 'n wyse wat Hy alleen kan doen.

*Deur* ***Hettie Smit***



Always have a unique character like SALT. Its presence is not felt, but its absence makes everything tasteless.

*Deur* ***Corrie Broodryk***

# Drina Beukes

Ek wonder soms: Is die dier nie maar net so mens, soos die mens self is nie? As ek na die moorde en aanrandings kyk, dan wonder ek: Is die dier nie méér mens as wat die mens self is nie? Die dier jag en maak dood net om sy honger te stil, maar die mens moor en vermink om sy gierigheid te stil.

Ek kyk na die "menslikheid" van die gorilla, wanneer sy haar babatjie in haar arm hou, en vergelyk dit met die mensmamma wat haar babatjie aan haar bors troetel. Ek sien geen verskil nie.

Ek kyk na die gorilla wanneer sy haar lastige telg 'n oorveeg gee om hom op sy plek te sit en vergelyk dit met die mensmamma wat hare 'n vinnige paar klappe op sy boudjies gee om hom te laat afsien van die stouterigheid waarmee hy besig is. Weer sien ek geen verskil nie.

Ek sien die gorillamannetjie en -wyfie styf teen mekaar sit terwyl hulle oor die veld staar, en ek vergelyk hulle met Ouma en Oupa wat rustig oor die tuin uitstaar terwyl hulle styf teen mekaar sit en hande vashou. Die liefde tussen die twee is net so sigbaar as die liefde tussen die gorilla en sy wyfie. Is daar enige verskil?
Ek sien die harerige gorilla 'n piesang afskil en sommer in sy mond prop en ek dink: A, daar lê die verskil! Mense eet ordentlik. En dan besef ek onder mense is ook die ouens wat met lompe hande hulle monde volprop - wat geen erg het aan Emsie Schoeman se etiketreëls nie. Hier sien ek dus ook geen verskil nie.

Ek kyk na die harige gesig en lyf van die gorilla, en weet hy sal nooit kan deurgaan vir 'n mens nie, maar dan onthou ek die Suid Afrikaanse rolprent waarin hulle vir 'n vark 'n hoed en bril opgesit het.

Hy is 'n jas aangetrek en is deur die grenspos as "mens" gesmokkel. 'n Vinnige stamp met die elmboog in die ribbes het hom die gewenste "ug" laat uiter. Die enigste opmerking van die wag by die grenspos was: "Hemel, maar daardie ou is lelik!"

Dus, sonder of met hare en geklee in menseklere, kan dier ook deurgaan vir mens.

Ek sien die klein week oue wit renostertjie met sy horinglose plat bekkie in die wildtuin. Ek kyk hoe hy hier langs die Landrover met 'n parmantige houdinkie sy voetjies stamp-stamp op die grond terwyl hy sy lyfie dreigend rondswaai, en ek dink: A, hier lê die verskil. 'n Mens sal nie so dom wees om iemand soveel groter as hyself te konfronteer nie. Dan onthou ek hoe my kleuterseuntjie, elf jaar jonger as sy sussie, met gebalde vuisies dreigend voor haar staan, terwyl hy sonder omhaal van woorde vir haar vertel presies hoe hy haar sal opdons! Ook hier sien ek geen verskil nie!

Dan sit ek Sondag in die kerk en die dominee lewer die ongelooflikste preek waarin hy ons daaraan herinner dat ons na God se beeld geskape is. Dus beelddraers van God, en ek besef dis hierin dat die verskil lê. God het ons met die verantwoordelikheid toe vertrou om soos Hy op aarde te handel en te wandel. Ons moet nie net sy hande, voete en stem op aarde wees nie, maar ons moet ook sy ongelooflike allesomvattende liefde aan ons medemens op aarde betoon. Ons moet kan vergewe soos Jesus aan die kruis die moordenaar langs Hom vergewe het.

Ek sit met verwondering dat Hy soveel verantwoorelikheid aan die mens gegee het. Ek wonder of dit nie beter is om 'n dier te wees nie? 'n Dier maak net staat op sy instinkte. Jag om aan die lewe te bly. Het geen wroeging omdat hy gruwelik faal om God se beeld teenoor ander mense uit te dra nie. Die leeu voel nie skuldig wanneer hy die bok plattrek nie. Geen polisieman gaan hom agtervolg nie. Geen hof gaan hom skuldig bevind nie.

Maar dan besef ek: Dis wonderlik om beelddraer van God te wees. Dis salig om jouself in sy liefde te koester. Daardie wonderlike gevoel van vrede "wat alle verstand te bowe gaan." Daardie wete dat al die slegte dinge wat oor jou mag kom, jou nooit van God kan skei nie. Die wete dat Hy selfs in jou swaarste lyding nog steeds jou Vader is wat jou dag vir dag vashou en toevou met sy liefde.



*Deur Drina Beukes*

Property.CoZa®




I believe that God has blessed me in immeasurable ways so that I can, in return, bless and help others

Gerda Dafel
076 776 8001

## Property.CoZa® Verwelkom ons nuwe Intrekkers




Marita Fletcher
Estelle Fourie
Huis 167




Marie Lourens
Huis 5007

Johan vd Merwe
Huis 220





# Eeufees



Afrikaans is natuurlik veel ouer as 'n honderd jaar, maar die datum 8 Mei 1925 is sonder twyfel een van die belangrikste datums aangesien dit die dag is wat Afrikaans amptelike status gekry het. Hier volg 'n geskiedenis van Afrikaans.

Toe daar in 1652 'n permanente halfwegstasie aan die Kaap opgerig is, vestig Khoi-Afrikaans die eerste periode in Afrikaans se geskiedenis.

**1671:** Daar word aangeteken dat die Hollands wat aan die Kaap gepraat word, nie meer soos die taal in die stamland klink nie. Die oorspronklike naam vir Afrikaans was Afrikaans-Hollands oftewel Hollands van Afrika.

**1800 – 1875:** Navorsers vind dat daar verskillende variëteite in die Kaap gepraat word wat Nederlands, Kaapshollands, Boerehollands of Boereafrikaans, Platkaaps, Hottentothollands, Slawe-Afrikaans en Vreemdelingafrikaans insluit.

**1806:** Met die tweede Britse oorname het Engels geleidelik die amptelike voertaal aan die Kaap geword en daar word probeer om Nederlands en Afrikaans te verdring.

**1807:** Altesaam 375 slawekinders ontvang teen 1807 hulle godsdiensonderrig in Kaapse Afrikaans. Een van die leermetodes was om die heilige skrifte in Afrikaans, maar in Arabiese letters, oor te skryf. Afrikaans se vroegste vorm in skrif was dus in die Arabiese alfabet geskryf.

**1815 - 1840's**: Die skole van die Kaapse Moslem-gemeenskap gebruik Afrikaans deurentyd as onderrigmedium. Die Moslem Theological School was die eerste skool in Suid-Afrika wat Afrikaans as voertaal gebruik het en teen die 1840's was Arabiese Afrikaans gevestig en is skryfoefeninge in Kaapse Afrikaans gedoen, maar met die Arabiese alfabet.

**1838:** Die eerste onderwyskollege word op Suid-Afrika se oudste sendingstasie, Genadendal, begin.

**1858:** 'n Predikant van die Paarl, ds. Van der Lingen, begin in 1858 'n skool – De Gimnasium – met Nederlands as voertaal. Een van die onderwysers wat by die skool aansluit, is Arnoldus Pannevis, 'n taalkundige Nederlander, wat besef het Kaaps-Hollands het nie meer genoeg ooreenkomste met Hollands om as 'n dialek beskou te word nie. Hy noem die taal Afrikaans.

**1875:** Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) word op 14 Augustus 1875 gestig.

**1902:** Ná die Vryheidsoorlog word daar 'n hernude poging aangewend om Afrikaans te bevorder.

**1925:** Op 8 Mei 1925 word Afrikaans, naas Engels, amptelik een van Suid-Afrika se twee landstale.

**1931:** Die eerste Afrikaanse rolprente, Moedertjie en Sarie Marais, word vrygestel. Sarie Marais, 'n musiekrolprent, was die eerste Afrikaanse film met 'n klankbaan, en Moedertjie, 'n drama, die eerste met dialoog. Barakat in 2021 is die eerste Moslem-film in Afrikaans.

**1942 – 1959:** Afrikaans word as universiteitstaal gevestig.

**1957:** Adam Small debuteer met die digbundel Verse van die liefde en trek aandag met onder meer die digbundel Kitaar my kruis in 1962 en die toneelstuk Kanna hy kô hystoe in 1965. Prof. Small het in Kaaps geskryf en was 'n voorloper van 'n generasie bruin Afrikaanse digters wat protespoësie in die 1980's gepubliseer het.

**1975:** Die Taalmonument word tydens die eeufees van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) geopen.

**1994:** Afrikaans word een van Suid-Afrika se elf amptelike landstale. Pres. Nelson Mandela lees onder meer Ingrid Jonker se gedig "Die kind" voor in sy toespraak op 24 Mei 1994. Dertig jaar ná demokrasie, is Afrikaans steeds die taal wat deur die derde meeste mense in die land gepraat word.

**1995:** Eerste nasionale Afrikaanse kunstefees, die KKNK, word van 7 tot 13 April in Oudtshoorn gehou.

**2025:** Afrikaans vier op 8 Mei eeufees as amptelike taal.

Bron: Afrikaans 100,

*Saamgestel deur Johan Lemmer*

**PRETORIA - PROGRAM AFRIKAANS 100**

| | |
|---|---|
| **23 MEI 10:00** - | Gedenklesing: Dr Lindie Koorts, Kroonsaal, Fort Schanskop, Pretoria,gratis maar moet bespreek by TIXSA |
| **24 MEI 10:00 - 22:00** | Afrikaans, 100 Makietie, Botaniese Tuin, Pretoria |
| **25 MEI 15:00** | Kuns van die Afrikaanse Kunslied, Musalon, Universiteit van Pretoria- kampus |
| **28 EN 29 MEI 19:30** | Uit die mond, Atterbury Teater, Pretoria: Afrikaanse musiek en grootste stemme, begelei deur 'n orkes: Met Amanda Strydom, Coenie de Villiers, Emo Adams, Frazer Barry, Lynette Kenned en Nicole Holm |

ALLE BESPREKINGS BY TIXSA




# Die Comrades berig uit wikipedia

Die Comrades maraton is die wêreld se oudste en grootste ultramaraton wat elke jaar oor 'n afstand van ongeveer 90km gehardloop word. Die wedloop vind plaas tussen Pietermaritzburg en die kusstad Durban. Die wedloop word elke jaar gewissel tussen die op-wedloop vanaf Durban en die af-wedloop vanaf Pietermaritzburg.

Die wedloop is begin as 'n idee van Vic Clapham ('n treindrywer van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en veteraan van die Eerste Wêreldoorlog wat in 1918 uit Oos-Afrika teruggekeer het) as herdenking aan die Suid-Afrikaanse soldate wat gedurende die oorlog gesneuwel het. Clapham is in Londen gebore op 16 November 1886 en het in sy jeug na SA emigreer. Met die uitbreek van die oorlog, het Clapham in die 8st Suid-Afrikaanse infanteriebalaton geveg en oor die 2 900km in Afrika gemasjeer. Die pyn, smart en moeilike tye van sy mede-soldate het so 'n groot indruk op hom gemaak, dat hy besef het iets spesiaals moet gedoen word om dit te herdenk. Aangesien die Olimpiese maraton nog altyd sy verbeelding aangegryp het, het hy besluit om 'n herdenkingsmaraton te hou en die Pietermaritzburgtak van die oudsoldateorganisasie The League of Comrades of the Great War genader om die saak te bespreek. Die organisasie het geweier om só 'n wedloop onder hulle beskerming te hou, en Clapham is selfs uitgelag.

Clapham het nie moed opgegee nie, en in 1921 het die organisasie sy toestemming verleen om 'n 56-mylwedren tussen Pietermaritzburg en Durban te hou met die naam Comrades Maraton om 'n lewendige monument te word vir die soldate van die Wêreldoorlog. Die organisasie het aan Clapham een pond vir sy koste geleen wat terug betaal moes word. Die eerste Comrades-maraton het plaasgevind op 24 Mei 1921 - Ryksdag (Engels: Empire Day) - vanaf die stadsaal van Pietermaritzburg met 34 deelnemers. Tot in die 1950's het die maraton op Ryksdag plaasgevind.

Atlete word tans 12 ure gegun om die wedloop te voltooi. Dit is verleng van die 11 ure wat dit voor 2003 was.

Daar is 'n aantal afsnypunte langs die roete wat die drawwers voor 'n voorgeskrewe tyd moet bereik as hulle nog in die wedloop wil bly.

'n Deelnemer wat 9 maratons suksesvol afgelê het dra 'n geel nommer, terwyl diegene wat meer as 10 wedrenne kon aflê 'n groen nommer dra, wat permanent aan die drawwer vir alle toekomstige wedlope toegeken word.

Medaljes word toegeken aan al die drawwers wat die wedloop in minder as 12 ure aflê. Medaljes wat tans toegeken word, is as volg:

Goue medaljes: Die eerste 10 mans en aan die eerste 10 vroue.

Die Wally Haward-medalje: Vanaf die 11de posisie tot onder 6 ure.

Silwermedaljes: 6 ure tot onder 7 ure 30 minute.

Die Bill Rowan-medaljes, vernoem na die wenner van die eerste Comrades in 1921 ('n brons medalje met silwer omring): 7 ure 30 minute tot onder 9 ure. Bill Rowan se wentyd was 8 ure 59 minute.

Bronsmedaljes: 9 ure tot onder 11 ure.

Die Vic Clapham-medalje, vernoem na die stigter van die Comrades ('n Kopermedalje): 11 ure tot onder 12 ure.

Die Comrades het heelwat legendes opgelewer. In 1948 het Max Trimborn in plaas van die gebruiklike afsitpistool 'n hoederhaan se kraai nagemaak. Die tradisie duur tot vandag toe voort met Trimborn se stem wat op band teruggespeel word. Wally Hayward het die wedren 5 keer gewen en is die oudste persoon (80) wat die wedloop binne die afsnytyd voltooi het. Hier moet ook die naam van Bruce Fordyce genoem word, wat die wedren nege keer gewen het.

Ongelukkig is hier nie genoeg ruimte om die geskiedenis van die Comrades meer volledig te gee nie.

6 Junie 2025, sal die 100ste herdenking van die maraton wees.

Hier volg Izak Steyn van Drawwertjiestraat 59 se maraton geskiedenis:

Eerste wedloop Januarie 1987. Laaste wedloop Maart 2020. Totale kilometers gehardloop oor 33 jaar 55 991 km (beseringsvry)
Aantal wedlope gedoen :-

- Ultra (verder as 42.2km) – 99
- Maraton (42,2km) – 96
- 32km wedlope – 130
- Half maraton (21,1km) – 362
- 15km wedlope – 131
- 10km wedlope – 95
- Parkrun (5km) – 204
- "Iron man triathlons" wedlope – 3

In total 25 Comrades wedlope – eerste 20 agtereenvolgende jare.

Permanente wedloop nommer – 7031.

**Comrades medaljes in gesin – 52**
(self 25, seun 12, dogter 11, skoonseun 4)

*Deur Izak Steyn*




# Die Comrades



# INA Rolls Royce

Ek is 'n inwoner van Bougainvilla Aftree-oord sedert 2022. 'n Pasiënt wat ek hier behandel het, het gesê dat hy baie gelukkig hier is en ook dat troeteldiere welkom is. Dit was vir my 'n groot pluspunt. Toe ek uiteindelik besluit om die eiendomsagent in September 2021 te kontak, was daar 'n huisie beskikbaar vir my. Ek was baie opgewonde, maar finansieel was nog niks in plek nie. My huis moes eers verkoop voor ek hier kon koop. Maar met baie genade van Bo en geloof, het alles uitgewerk en is dit die beste onbeplande koop nog ooit.

Na skool wou ek Fisioterapie studeer, maar omstandighede het so uitgewerk dat ek 'n Diploma in Verpleging by die H. F. Verwoerd hospitaal in 1973 behaal het. As ek nou terug dink oor my lewe, was dit 'n goeie besluit, want met verpleging as agtergrond het ek baie interessante avonture beleef.

So het ek in die Transkei Tuberkulose navorsing onder leiding van SANTA gedoen om te bepaal wat die bevolking se weerstand teen TB is . SANTA het onderhandel met stamhoofde om toetse te kan doen. Soms as ons met toetsdag opgedaag het, het almal weggebly. Die toetsing onder die vel brand soos 'n bysteek. Met suikerlekkers as beloning na die toets, is mense gelok. Dit het vrugte afgewerp.

Ook by Militêre Mediese Instituut (MMI) gewerk as Luitenant en het mediese evaluering op nuwe troepies, vir verpligte diensinname, asook op vlieëniers gedoen. Die MMI was ook verantwoordelik om beseerde troepe met mediese vliegtuie en die Super Frelon helikopters van die grens af terug te bring na 1 Militêre Hospitaal. Een nag, tydens 'n vlug na die grens met die helikopter, moes ons 'n noodlanding op 'n boer se omgeploegde land uitvoer. Die onverwagse landing het amper tot 'n skermutseling tussen ons en die boer gelei.

In 1971 het ek by 'n amateur toneelgeselskap aangesluit. My eerste rol het ek gespeel as die diensmeisie in "Pantoffel Moordenaars". Die "diensmeisie" is 'n paar keer in die gesig geklap. Die tegniek was om jou gesig saam met die klap beweging te draai . Een aand was ons tydsberekening verkeerd en is ek regtig in die gesig geklap! Met 'n rooi en seer wang het die toneelstuk voortgegaan. Na die vertoning was die akteur, wat teenoor my gespeel het, baie verleë en het groot om verskoning gevra.
Ook 'n paar rolprente gedoen. In 1975 teenoor Don Leonard in :"Wat maak oom Kallie daar?", gespeel. Tobie Cronje was 'n medespeler. Saam het ons baie pret gehad. Dit is nog te siene op YouTube en so ook "Lelik is my offer". In 1979 ook gespeel in: " Plekkie in die Son", wat gehandel het oor melaatsheid. Hoof akteurs was Regard van den Berg en Jana Cilliers . Verfilmming was by die Westford hospitaal. Die pasiënte was in afsondering . Ek was deel van TRUK se verhoog blyspel: "Joseph and the Amazing Technicolor Dream Coat ", wat getoer het na (Rhodesia ) Zimbabwe. Ek was deel van die engelekoor. As iemand knoffel geëet het die vorige aand, was dit maar baie bedompig tussen die engele!

Nogal belanggestel in langafstand atletiek. Ek het aan 5 Comrades tussen 1982 en 1987 deelgeneem. My beste tyd vir 90km was 8 ure 46 min.




Ook 8 keer aan die Argus fiets wedren, met 'n pad- en bergfiets deelgeneem. 'n Motor het my in 2003 tydens 'n wedren geskep en in die lug ingegooi. Ek het baie hard op my sitvlak te lande gekom. Sagte weefsel in my regterenkel is beskadig. Gelukkig geen frakture opgedoen nie en ook nie, my grootste vrees, my hakskeensening beseer nie.

Tydens ondersoeke om vas te stel wat veroorsaak die skouerpyn na die val, is met 'n MRI - rug skandering-gevind dat 'n diskus so groot soos 'n lolliepop op die rugsenuwee druk. Geen rugpyn nie, maar die skouer pyn was heelwaarskynlik verwysde pyn.

"Die drukking was egter 'n risiko, want dit kon daartoe lei dat die rugsenuwee kon skeur. In Augustus 2004 het ek 'n rugoperasie ondergaan om die drukking, veroorsaak deur die diskus, te verwyder. Ek het wakker geword met verlamming vanaf borshoogte ondertoe.

Een teorie was dat beroerte in die rugkanaal veroorsaak is tydens die druk verligting en dat van die bloedvaatjies beskadig is. Die koord is soos 'n telefoonkabel bestaande uit klomp fyn kabeltjies bymekaar. As een van die vertakkings seerkry, kan die boodskap van die brein na ander organe nie gebeur nie.

Na die operasie en met al die medikasie was alles so onwerklik. Paar dae na die operasie moes ek my werk bel en sê ek is verlam. Dit was erg, want deur te erken was soos 'n vuishou in my hele wese!

Nou na amper 21 jaar weet ek nie hoe ek dit gemaak het nie ...... dis alleenlik net met God se genade dat ek kon aangaan. Hy het vir my familie, vriende en werk gegee wat my ondersteun.

Na rehabilitasie van 2 maande het ek nog 'n paar keer deelgeneem aan handfiets wedrenne in George, spesifiek vir rolstoele. Het ook deelgeneem aan rolbal. So 4 jaar gelede gestop, want die slytasie op mens se skouers is erg. Die skouers is nie geskape vir die aksie wat nodig is om in 'n stoel deel te neem nie. Die emosionele sowel as die liggaamlike inpak wat verlamming op die liggaam het, is geweldig. Ek moes vir sewe weke rehabilitasie kry om te leer om die dooie onderlyf te kan hanteer. Ek moes my arms sterk kry om my lyf te skuif.

Privaat liggaamsfunksies moet bespreek word en hoe om met dit saam te leef. My maag- en rug- spiere reageer nie en is nie daar om my regop te hou nie daarom gebruik ek 'n hoë ruglening. By mense met laerug beserings, kom die boodskappe wel deur om die rug regop te hou. Sonder die rugstut is my rug so pap soos die van 'n lappop.

Na baie trane is daar tog ook komiese oomblikke. My van Rowles word uitgespeek "Rolls" en met my "ronde yster bene" praat ek sommer van my self as "Ina Rolls Royce". Aantrek veral is moeilik. Ek moet my onderlyf van kant tot kant rol om my broek stukkie vir stukkie op te trek.

'n Parapleeg en Tetrapleeg kan nie sommer net 'n rolstoel van die rak af koop nie. Mates word gemeet en spesiale kussings word gebruik, want die pasiënt sit lang ure en kan nie opstaan nie. Jy word ook geleer om gereeld jouself op te lig vir druk verligting . Die gewig van die stoel is belangrik, want jy moet self jou stoel opvou en in jou kar sit. Party parapleë het hyser toestelle wat die stoel op die dak kry, maar die son en reën beskadig die stoel. Kostes is erg! Gemiddelde redelike ligte stoel kos rondom R100,000.00 en meer. Om jou gewig dop te hou is baie belangrik, want jou arms moet die dooie gewig skuif van die rolstoel na stortbankie, of toilet.

'n Groter stoel kos baie meer as 'n groter broek!
Ek was gelukkig om vir 13 jaar by 'n mediese maatskappy tegniese opleiding in hospitale te kon doen en is daarna vir 'n verdere 13 jaar geakkomodeer om kantoorwerk vir dieselfde maatskappy in my rolstoel te doen. Maar ek moes elke dag van Pretoria na Woodmead tot my aftrede in 2017 ry. Moes weer praktiese bestuurtoets slaag omdat ek handkontroles gebruik.

Na aftrede einde 2017, werk ek by Dr Botha wat die rehabilitasie behartig vir spinale en brein beserings . Ek bestuur tans die ITB- kliniek, want ek moet besig wees.

Ek het een groot versoek:: Moet asseblief nie die **PARKERING VIR GESTREMDES** gebruik nie!



*Deur Ina Rowles*




# Ek lig my hoed

Hier in Bougainvilla
Bly ons almal baie lekker, geniet ons die lewe wyd en syd
Eens dra ek nie 'n hoed nie, is bang meer hare val nog uit
Maar vandag wil ek graag een dra en dit baie hoog oplig
Vir mense wat in ons oord arbei, hul dagtaak hier verrig
Ons kan tog so vinnig ongelukkig raak en brom en kla
Oor die een en ander wat ons voel, kom ons ander te na
Dan kan ons tog so eiegeregtig die skuldige laat ontgeld
Want ons is nou so knorrig, ja sommer baie hoog onsteld
Dan wil ons gou die sweepklap en op almal se tone trap.
Maar weet jy…………
Hier by die hek is mense wat ons veiligheid bewaak
Wat vir honderde voertuie hekke oop en toe moet maak
Hulle kan nie altyd na ons almal se pype dans en strek
Maar hulle verdien jou dankie, jou glimlag en jou respek
So ook die Feedem personeel wat kos aan ons voorsien
Wat dag na dag 'n klomp grompotte met goeie kos bedien
Al is daar nie genoeg sout nie al is die soetgoed soms min
Doen hulle dit gewillig en verdien 'n glimlag al is dit net 'n "grin"
Want vandag wil ek 'n hoed dra en dit baie hoog oplig
Vir mense wat in ons oord arbei, hul dagtaak hier verrig.



*Deur Die Woordenaar*

# Rina Botha

Rina Botha (nee Nigrini), word vanjaar 95 en is gebore op Ceres in die Westelike Provinsie. Rina was een van 6 kinders. In 1940 verlaat hulle die plaas in Ceres-distrik en trek na Christiana. Dit was hul tuiste vir 15 jaar, waarna die gesin na Vereeniging verhuis het. Rina begin hier in graad 11. Op skool neem sy deel aan atletiek, swem, hokkie en korfbal. Rina matrikuleer in 1948 op die ouderdom van 17 jaar. Deur middel van 'n aanleg toets, word sy gekeur om by die Departement van Arbeid in Johannesburg te gaan werk. 'n Treinkaartjie en die adres van die Departement in Johannesburg, word per pos aan haar gestuur.

Met haar aankoms in Johannesburg (vreemd en alleen) moet sy haar weg self vind. Vasberade en opgewonde durf sy Johannesburg se besige strate aan. Met die adres op 'n papiertjie doen sy navraag totdat sy na vele probeerslae uiteindelik haar bestemming bereik.

Rina en Renier Botha, 'n motorwerktuigkundige van beroep, is in 1952 getroud. Met die geboorte van hul eersteling, het Rina tuisgebly om die baba en later nog twee kinders te versorg. Dit was ook so, dat die vrou met die geboorte van haar kind haar werk verloor, want daar was nie so iets soos kraamverlof of dagmoeders nie. Dit was moeilike tye, want skielik moet die pennies gerek word om met een broodwinner se inkomste uit te kom. Tot vandag toe is Rina se leuse; "kontant in die hand is koning!" Saam met dit gaan jy nie skuld aan as jy dit nie kan bekostig nie. Uit die huwelik is 2 seuns en 'n dogter gebore. Rina het 7 kleinkinders en 10 agterkleinkinders.

17 Jaar later op 01-09-1970 het Rina weer tot die arbeidsmark toegetree. Sy is genooi om op grond van haar vorige ervaring eers weer 'n aanleg toets af te lê.

Na 7 jaar as tydelike klerk is sy permanent in die Transvaalse Departement van Onderwys en Opleiding as 'n personeelklerk aangestel en later as Administratiewe Beampte.

Sy was verantwoordelik vir die instandhouding van die kaartstelsel van ±12 000 onderwysers, klerke en arbeiders se aanstellings en byvoordele. Met die opgradering na die PERSAL-STELSEL, het Rina al die inligting vanaf die kaartstelsel na die rekenaar oorgedra. Sy het haarself in hierdie afdeling opgewerk tot Assistant Direkteur Personeel Bestuurder. Sy was in hierdie pos tot met haar aftrede op 30-11-1992.

Rina is haar lewe lank lief vir sport, daarom doen sy nog daagliks 'n paar Pilatus oefeninge sommer op haar eie en was ook lid van die Seniorobics en later oorgeskakel na die stoeloefeninge. Sy was ook 'n ywerige rolbal speler. Haar stokperdjie is die invul van blokkiesraaisels.

Rina verklaar: "Alle eer aan my God en Vader vir al die seëninge en genade wat ek so onverdiend deur die jare ontvang het."


Rina Botha

Ek gaan maar net een maal deur die lewe. Enige goeie daad wat ek kan verrig, of enige welwillendheid wat ek aan my naaste kan betoon; laat ek dit nou doen -laat ek dit nie uitstel nie - want ek sal nie weer hierlangs verby gaan nie.

*Geplaas deur Gert Beeslaar*

# Noord-kaap se toer: Frank en Hettie Smit

Die doel van die toer was om twee doelwitte te verwesenlik. Die eerste doelwit was om 'n lang verlange na die stilte van die Noord-Kaap te verwesentlik. Tweedens was dit om soveel as moontlik op grondpaaie te ry.

Ons het op Sondag 01 September 2024 vanaf Montana vertrek na Ventersdorp. Die pad was maar warm en lank. By Bloemhof is die gebruiklike "slap chips" en koeldrank gekoop. Ons het onder 'n groot koelteboom gestop om ons middagete te geniet. Hiervandaan is ons Kimberley toe waar ons afgedraai het op die Kimberley-Boshoffpad tot by Stablewood Farm, wat ons eerste oornag plek op die toer was.


02 Maandag September 2024 is daar na Hopetown vertrek waar ons in die Big Tree-gastehuis sou tuisgaan. Op pad het ons op die Jacobsdalpad afgedraai om te gaan soek na 'n eetplek in die dorpie en om ons vriendin Drina se ouers se grafte in die Jacobsdalbegraafplaas te gaan soek. By Hopetown aangekom, het ons die gastehuis gesoek. Madeleine die eienaar van die gastehuis het in 1990 skool gegaan by Magalieskruin Hoërskool en ons kon lekker met haar gesels oor hoe sy die stad ervaar het. Hopetown het twee springmielie fabrieke. Die een verpak springmielies vir Ster-Kinekor en die ander een stuur sy hele produksie na Frankryk.

Madelein het ons vertel van 'n ou staalbrug uit die vorige eeu wat uit Skotland ingevoer was. 'n Eienaardige konstruksie kenmerk van die brug is dat die dek daarvan nie met beton of teer bedek is nie, maar met grond. As dit gereën het, gebeur dit dikwels dat daar voertuie op die brug vassit in die modder en uitgesleep moet word. Ons gasvrou het ons vertel dat naby die einde van die brug aan die Hopetown kant van die brug, ons moet oplet of ons staalpale in die water kan sien indien die water in die rivier laag genoeg is.

Dit is die oorblyfsels van 'n deel van die brug wat gedurende die Anglo Boere-oorlog deur Engelse

troepe die lug ingeblaas is. Die betrokke troepe het geluide gehoor in die biesies en riete onder die brug en gedink dat dit Boere krygers was wat die brug wou opblaas. Met dagbreek het hulle hul fout agtergekom toe dit geblyk het dat dit 'n trop beeste was wat onder die brug gewei het.

Vandag, 03 September 2024, is ons oppad na Victoria Wes. Dit moes onlangs daar gereën het, want die pad was plek-plek nat. Ons het mettertyd oor 'n teerpad gery en by Kranskuilspoorwegstasie uitgekom. Hier is 'n aantal bewoonde huise met gordyne voor die



Die brug aan Hopetown kant.

vensters en voertuie langs die huise geparkeer. Daar was honde en hoenders op die werwe, maar nêrens 'n mens te sien nie. In 'n naby geleë veld het 'n aantal afgeleefde voertuie gestaan. Ons het die pad vir ongeveer tagtig kilometer gevolg. Oor die algemeen was hierdie grondpad in 'n baie goeie toestand met net hier en daar 'n slegte plek.

Ons het verby verskeie onbemande spoorwegstasies soos Poupan en Potfontein gery. Op een stadium het ek vir Hettie gesê dat ek 'n groot dam sien. Dit was vir my snaaks, want ek is nie bewus van enige groot dam in hierdie omgewing nie. Toe ons nader kom, het dit geblyk 'n sonplaas met etlike duisende sonpanele te wees. By Houtkraalspoorwegstasie het ons links gedraai en oor die spoorlyn gery. Langs die pad het ons die kenmerkende Noord-Kaapse klipkoppies met hul bome begin kry. Ook hier het ons die eerste van talle windlaaiers vir die opwek van elektrisiteit op die rante gekry. Ons het deur Phillipstown gery in die rigting van Hanover.

Ongeveer vyf kilometer vanaf Phillipstown het ons van die teerpad op 'n grondpad afgedraai. Spoedig het ons by 'n veiligheidshek oor die pad gekom.

Die hek is toegerus met 'n sonpaneel, kamera en 'n beheerknoppie agter die ankerpaal van die hek. Voordat Hettie die hek oopgemaak het, moes sy opkyk om die knoppie te sien. Ek is seker daarvan dat die persoon in die beheerkamer 'n foto van haar gesig asook van die registrasienommer van ons voertuig kon neem. Die hek maak vinnig oop as die knoppie gedruk word en Hettie moes haar hand vinnig terugruk om dit nie te laat vasknyp nie. By die hek van een van die plase wat nog bewoon word, het die wrak van 'n voertuig van ongeveer 1928 gelê.

By die wrak regs gedraai en gemerk dat die naam van die volgende plaas Fonteintjie heet. Spoedig het die naam van die plaas vir ons duidelik geword. Ons het oor 'n beduidende stroom of poel water gery, die oorsprong waarvan slegs 'n fontein kon wees. Ons het verby 'n leë plaashuis gery, en wat so bemoedigend van die huis was, is dat sy sinkplaatdak min roes getoon en dat al die ruite nog heel was. Voorwaar nie iets wat in Gauteng die geval sou wees nie.
Hier het ons 'n bakkie teëgekom met ses persone wat plaaspatrollie doen. Dit laat 'n mens bewoë om te besef dat in hierdie afgesonderde en mooi wêreld sulke aksies nodig is om misdaad te bekamp.

Ongeveer driehonderd meter van hierdie plaashuis af is daar regs gedraai. Ons het hierdie pad gevolg tot by 'n tweede leë plaashuis. Ons het hier stil gehou om bietjie bene te rek en iets te eet. Net verby die huis het ons 'n soortgelyke veiligheidshek soos reeds voorheen beskryf, gekry. Net anderkant die hek het ons links gedraai en met die teerpad tussen Phillipstown en Hanover voortgereis. In Hanover aangekom het ons besluit om nie met grondpaaie verder te ry nie en om regs te draai en met die N1 deurpad aan te hou. Daar was egter 'n geteerde verbindingspad, die R63 vanaf die N1 wat die roete baie korter gemaak het en ons het veel vroeër as wat be-oog is by Victoria-wes aangekom. Ons het daardie aand by die Ou Pastorie gastehuis oorgebly.

Daar is 'n interessante geskiedenis verbonde aan die huis. In die 1800's is daar besluit om 'n kerkgebou hier op te rig. Terselfdertyd is daar ook 'n besluit geneem om 'n pastorie groot genoeg vir 'n predikant, sy eggenote en 'n hele aantal kinders op te rig. Toe die kosteberekening egter gedoen is, is vasgestel dat die koste gans te hoog is en is besluit om 'n pastorie met minder kamers te bou. 'n Beroep vir 'n predikant is uitgebring en daar daag die herder toe met 'n vrou en sewe kinders op! Die pastorie moes toe noodgedwonge vergroot word.


FRASERBURG NG KERK

Ons het op die oggend van 04 September 2024 na Sutherland vertrek. Hier het ons iets gevind wat ons ook in die Tankwa Karoo Nasionale Park teëgekom het en dit is dat die padaanwysers aan die kant wat die meeste son ontvang, swart gebrand en onleesbaar is. Ons het die afdraai na Fraserburg as gevolg daarvan gemis en was fluks op pad Beaufort-wes toe. Ons het noodgedwonge omgedraai en weer na die betrokke afdraai teruggery. Die grondpad was in 'n baie goeie toestand en voor ons ons kon kry, het ons honderd kilometer 'n uur gery. Veels te vinnig vir 'n grondpad.

Op die roete het drie groot vragmotors van voor gekom wat groot leunsleepwaens gesleep het.

Op die leunwaens was groot seksies van staaltorings vermoedelik vir kommunikasie skottels. Later sou ons 'n vierde vragmotor met die laaste gedeeltes van die skottel teëkom.


Die voorste vragmotor het 'n bult uitgegaan terwyl die ander vragmotors onder die bult gewag het. Indien die voorste vragmotor nie die bult kon uitgaan nie, is die tweede vragmotor van sy vrag ontkoppel om die voorste vragmotor behulpsaam te wees.

Daar moet onthou word dat die vragmotors nie op die grondpad momentum vir die opdraandes kan opbou nie. Mettertyd het ons by Fraserburg gearriveer.

Daar is 'n eetplek gesoek en by een van die motorhawens is 'n sindelike eetplek wat deur 'n eenderslykende ma en dogter bedryf word, gevind. Ons het bietjie deur die dorp gery.

Wat opmerklik is, is die pragtige kerk, tewens dis die geval met al die plattelandse kerke.

*Word vervolg in Julie - uitgawe*




## OP 'N MUUR BY 'N GROENTE- EN VRUGTEPADSTAL STAAN DIÉ VERSIE:

Pampoen moenie komkommer nie en sing 'n litchi vir ons Heer! Jy is Sy uie kind, Sy oog-appel! Laat jou kersie vir Hom brand, want so by my kool, onse Liewe Heer sal jou opraap en jou bewaar al is jou naam Pieter of Sielie! Hy sal nooit rissie, in Sy arms het Hy jou beet, met Sy liefde be-aarbei Hy jou! Al is jy soms harde koejawel, sal Hy jou nie uit Sy hart skorsie. Daar is jy vir ewig in-gewortel!!



*Geplaas deur Johan Lemmer*

Medical Junction
Retha du Plessis
Occupational Therapy/Arbeidsterapie
Hear2Help
We are hear to help you
Dr Diana Zoccola
CLINICAL PSYCHOLOGIST
DR RUFUS NORTJÉ & ASSOCIATES
Family doctors
PHYSIOTHERAPIST
ESTIE POTGIETER
WINTERS
ORTHOTICS & PROSTHETICS (PTY) LTD
SCHOLTZPARTNERS
Diagnostic Radiologists Inc
www.scholtzrad.co.za
PathCare
Vermaak
enquiries@medicaljunction.co.za
Upper Level, Zambezi Junction
522 Breed street, Montanapark
012 004 0441



# CHAIR EXERCISES AT Bougainvilla








## COME AND JOIN US!



- R 200 P/M
- EVERY TUESDAY AT 15:00







# Dankbaar vir 65 jaar

Toe ons by hulle huis instap, is ons deur Vossie en Pieter Etsebeth hartlik verwelkom. Die warmte en liefde het ons dadelik getref. Hulle kyk nog na mekaar met 'n glinstering in die oog en Vossie betrek Pieter in die geselskap, al voel hy olik.

Hulle was van die eerste inwoners hier in die oord, en is baie gelukkig om hier te bly. Hulle is geseën met twee kinders. 'n Dogter wat in Turkye woon en 'n seun wat in Centurion woon.

Vossie was in matriek toe hulle twee mekaar ontmoet het. Pieter was bevriend met haar broer en dit was liefde met die eerste oogopslag. Vossie het egter in Pietersburg gebly en Pieter in Nelspruit. embling slightly as she handed the photo to Eleanor.

Dit het hom nie gekeer om naweke op en af te pendel nie.

Na skool het Vossie gaan werk en Pieter het besluit om te verhuis. Hy kon nie meer so ver van sy liefste nooi af bly nie. Hy het ook Pietersburg toe getrek. Hulle het vier jaar uitgegaan en is toe getroud.



Hulle lekkerste tye was vakansies in die wildtuin. Pieter het grootgeword op 'n plaas langs die wildtuin. Pieter se oupa was Barend Vorster en hy was in die regering van Paul Kruger. Pieter kan baie staaltjies daaroor vertel.

'n Groot hoogtepunt in hulle lewe was die geboorte van hulle eerste kleinkind, Elmien, in 1983. Sy was gebore met 'n defeksie van die hart. Op 7 maande moes sy 'n groot opehart-operasie ondergaan, en dokters het voorspel sy sal dit nie oorleef nie. Hulle geloof het hulle gelei en daar is 'n biddag deur die gemeente uitgeroep. Mense regoor die wêreld het saam met hulle gebid. Elmien het dit oorleef en volkome herstel.Sy is vandag 'n suster in een van die grootste hospitale in Engeland.

Vossie en Pieter het vyf kleinkinders en drie agter-kleinkinders.

Ons vra hulle die wenresep vir 65 jaar se gelukkig getroude lewe. Hulle antwoord: "Wees gelowiges deur dik en dun. Gaan saam na die Here toe en praat saam oor probleme en sorteer dit so uit. Huil saam en bid saam. Moet ook nie kinders se probleme probeer oplos nie. Vat dit na die Here toe".

Op 19 Maart het Pieter en Vossie hulle 65 huweliks-herdenking in die Bougainvilla Saal gevier. Die blommemeisie en hofknapie van hulle troue 65 jaar gelede, het ook die geselligheid bywoon.

## "Warmte en liefde"


*Geplaas deur Magda van Zyl*

ONS INNIGE MEEGEVOEL AAN VOSSIE MET PIETER SE AFSTERWE DIE AGSTE APRIL.


ARRIE NEL
APTEEKGROEP
Familie Waardes,
Waarde vir die hele Familie!
MONTANA
APTEEK+KLINIEK
JOU WELSTAND KOM EERSTE
Vertrou ons kliniek se kundigheid en gevorderde fasiliteite om uitsonderlike sorg te verskaf.
GRATIS
AFLEWERING
BESIGHEIDSURE:
Maandag & Dinsdag: 07:00 - 19:00
Saterdae: 08:00 - 18:00
Sondae & Publieke vakansiedae: 09:00 - 17:00
KLINIEKURE
Maandag & Dinsdag: 08h00 – 16h00 (Middagete 13h00 – 14h00)
Woensdag: 08h00 – 13h00 en 16h00 – 19h00
Donderdag & Vrydag: 08h00 – 16h00 (Middagete 13h00 – 14h00)
Elke Saterdag: 08h00 - 13h00
012 548 1721/0270/1836
060 736 3010
montana@arrienel.co.za
Zambezi Junction, Winkel 10, H/v Sefako Makgatho & Breedstraat, Montana
montana@arrienel.co.za | www.arrienel.co.za
MOPANI PHARMACY
ARRIE NEL PHARMACY GROUP
thrive
better than well

## MAANDELIKSE REëNVAL OOR DIE LAASTE 5 JAAR

| JAAR | JAN | FEB | MRT | APR | MEI | JUN | JUL | AUG | SEP | OKT | NOV | DES | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2021 | 70 | 30 | 50 | 55 | 0 | 0 | 0 | 0 | 40 | 50 | 130 | 260 | 680 |
| 2022 | 95 | 250 | 70 | 150 | 15 | 0 | 0 | 0 | 0 | 75 | 210 | 140 | 1005 |
| 2023 | 65 | 230 | 50 | 25 | 85 | 0 | 0 | 0 | 20 | 65 | 40 | 155 | 735 |
| 2024 | 130 | 100 | 50 | 110 | 0 | 40 | 0 | 0 | 0 | 30 | 90 | 100 | 650 |
| 2025 | 130 | 239 | 120 | 182 | | | | | | | | | 671 |




### OPMERKINGS

- Reënmaande is Januarie tot Mei en Oktober tot Desember.
- Februarie 2022 was die hoogste reënval.
- Die gemiddelde reënval per jaar in Pretoria is 732 mm en 61 mm per maand.
- Julie en Augustus is die droogste maande.
- Februarie (170 mm) is gemiddeld die natste maande.
- Net vir interessantheid: Jonkershoek in die Westelike Provinsie het die hoogste reënval (3 874 mm) in Suid Afrika in 1950 gemeet.
- Die reënval data is soos deur die inwoners van Bougainvillia Aftree-oord voorsien.




# 60 jaar getroud



Geplaas deur Johann Lemmer

Johann en Alet Lemmer het onlangs hulle sestigste huweliksherdenking gevier. "Ons het verlief geraak toe ons studente was. Na ses dekades kan ons maar net in verwondering getuig van opwinnende tye saam. Veral ook van onbeskryflik groot genade. Ons het vier pragtige kinders en ses wonderlike kleinkinders (almal nog in die land)."

Alet het 'n vervullende loopbaan as departementshoof van die onderwys-grondslagfase gehad en in 'n stadium was sy en hulle vier kinders almal aan dieselfde skool verbonde. Johann was onder andere registrateur van die SA Onderwysersraad. Na hulle aftrede het Alet by verskeie biblioteke gewerk en is sedert stigting in 2013 hier by ons eie biblioteek. Sy praat met groot lof van die toegewyde mense wat al jare help om haar daar by te staan. Johann was redakteur van vele inhuis-nuusbriewe en het ook die tipografie behartig.




kind 2 Hearing



## SUKKEL U OM TE HOOR?

**Ons Besoek Bougainvillea Aftree-Oord Maandeliks:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2 Januarie 2025 | 09:00 - 10:00 | 3 Julie 2025 | 09:00 -10:00 |
| 6 Februarie | 09:00 - 10:00 | 7 Augustus 2025 | 09:00 - 10:00 |
| 6 Maart | 09:00 - 10:00 | 4 September 2025 | 09:00 - 10:00 |
| 3 April 2025 | 09:00 - 10:00 | 2 Oktober 2025 | 09:00 - 10:00 |
| 8 Mei 2025 | 09:00 - 10:00 | 6 November 2025 | 09:00 - 10:00 |
| 5 Junie 2025 | 09:00 - 10:00 | 4 Desember 2025 | 09:00 - 10:00 |

**Dienste wat ons lewer:**

Verkope van Batterye en ander Toebehore
Gratis Skoonmaak Van alle Gehoorapparate
Gehoorsiftings
Volle Diagnostiese Gehoortoetse
Ons doen Tuisbesoeke

012 110 4612
montana@k2h.co.za
Doringlaan No 7
Montana Park | Pretoria

Humor

# GOOD LAUGH

## DIE BUDGIES

Die outjie hoor 'n oom verkoop budgies. Hy suiker af na die oom en vra wat vra hy per budgie. "R5", sê die oom.

"Ek wil asseblief daai bloue hê, Oom." "Luister boet, die hele hok is vol budgies en almal is R5. Ek gaan nie die bloue probeer vang nie. Jy sal maar die eerste een wat ek vang moet vat."

Die outjie hou aan hy wil die blou een hê. Hy sien die oom begin hom vererg en sê:"Ek sal oom betaal wat my pa vir 'n skaap betaal." Baie vinnig gryp die oom sy vangnet en met 'n groot gesukkel vang hy die bloue. In die proses skryf hy 'n paar ander budgies af. Hy sit die budgie in 'n papiersakkie met gaatjies en gee vir die outjie.

"Hoeveel betaal jou pa vir 'n skaap?"
"R150 per kilogram, oom. Sal oom asseblief vir my die budgie weeg?"




## JERIGO SE MURE

'n Nuut aangestelde inspekteur van onderwys lê besoek af aan 'n plattelandse skool. Daar gekom loer hy by die graad 5- klas se Bybelonderrig-sessie in. Hy vra 'n paar vrae. Hy teiken toe vir Jannie met hierdie een:
"Jannie, kan jy vir my verduidelik wat gebeur het dat Jerigo se mure omgeval het?"
Jannie bars in trane uit en sê:"Meneer dit was nie ek nie!"
Die inspekteur kyk verbaas na die juffrou. Sy wring haar hande en sê:
"Meneer, Jannie is 'n baie eerlike en goeie kind. Ek ken sy ouers. Hy kom uit 'n baie goeie huis. As hy sê hy het dit nie gedoen nie, dan het hy nie."

Die inspekteur vervies hom en storm na die skoolhoof om hom te vertel wat gebeur het.
Die skoolhoof spring op en sê:" Meneer! Ek ken die juffrou baie goed en vertrou haar oordeel. As sy sê Jannie het dit nie gedoen nie, dan het hy nie!"

Meneer inspekteur vererg hom toe en jaag terug na sy kantoor en rig 'n skrywe aan die direkteur van onderwys se kantoor oor die geval waarin hy sy misnoeë uitspreek oor die hoof en onderwyseres.

Drie weke later kry hy 'n antwoord:"U moet ons asseblief nie met beuselagtighede ophou nie. Kry drie kwotasies en laat herbou die mure."









- Die beste manier om goeie vriende te maak, is om self 'n goeie vriend te wees.
- Iets wat jy kan gee en nog steeds kan behou is jou woord.
- Die geluk in jou lewe hang af van die kwaliteit van jou denke.
- Jou idees sal nie werk, as jy dit nie self doen nie.
- Die swaarste ding om rond te dra, is wraakgedagtes.

# Woordsoek/Word search

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| V | H | X | E | P | S | I | L | O | N | J | E | M | X | W | Z | Z |
| C | J | B | P | R | U | D | Y | X | X | S | Q | G | P | K | E | S |
| G | H | W | H | C | P | V | E | Q | E | J | I | G | Y | L | T | M |
| F | H | E | F | W | S | L | G | L | J | Z | K | G | A | C | A | Y |
| Q | E | A | K | A | P | P | A | A | T | Z | W | L | M | M | H | U |
| T | D | R | P | U | I | T | H | E | D | A | L | T | I | A | M | I |
| P | J | J | Z | S | B | T | U | Q | K | A | A | L | A | G | B | A |
| K | Q | W | E | D | I | O | W | G | T | F | M | U | V | Z | Y | X |
| Q | R | I | Y | C | T | O | H | K | O | Z | B | W | B | Z | O | O |
| X | Y | V | O | O | E | M | S | R | Q | C | D | Z | N | E | G | O |
| F | S | Z | D | T | U | I | T | Y | Z | J | A | K | W | R | T | O |
| K | P | C | A | N | A | K | M | X | G | H | C | N | F | E | Q | A |
| P | P | U | L | D | C | R | O | E | M | D | Z | J | J | Q | L | L |
| G | H | O | Q | O | A | O | Q | V | W | Q | H | Z | Y | M | F | Z |
| X | N | I | P | G | M | N | P | J | M | X | E | K | C | I | J | Z |
| N | Y | G | E | T | R | N | Z | T | E | M | U | K | L | W | K | A |
| M | Q | M | W | X | A | T | C | H | W | N | O | J | F | E | A | R |
| E | O | Q | D | F | Y | Q | L | E | O | T | E | E | Q | E | T | Q |
| M | G | Q | L | D | Z | Z | S | T | Y | U | G | C | I | N | A | A |
| R | W | A | Q | W | L | N | D | A | K | T | T | W | S | L | U | V |

## Griekse Alfabet

**ALFA**
**BETA**
**GAMMA**
**DELTA**
**EPSILON**
**ZETA**
**ETA**
**THETA**
**IOTA**
**KAPPA**
**LAMBDA**
**OMIKRON**
**SIGMA**
**TAU**
**PHI**
**CHI**
**PSI**





(maak 12 groot/18 meduim in muffin pan)

Ouma Sibs se SKONS RESEP

1. 2 eiers
2. 100ml olie ( klits 1 en 2 saam)
3. 500ml amazi of karringmelk (voeg by en meng)
4. 400g selfraising meel 3¼ koppies
5. 1½t bakpoeier
6. 1 t sout

(voeg 4,5 en 6 by)

Roer tot gemeng (moet nog klonterig lyk)
Skep in gesmeerde muffin pannetjie tot vol.
180°C vir 15 tot 20 minute